# Lesing 7 - 19 November 2021 - Selfs die slegste en boosste sondaar besit die Goddelike vonk van Elohim se Liefde

**Die Nuwe Openbaring van Johannes - Boek 4**
**JAKOB LORBER**

**Hoofstuk 56 [8]** Voortplanting vind jy by plante, diere, en mense wat die liggame aanbetref, en by die hemelliggame, wat hulleself ook vermeerder. Daar is egter grense gestel aan hulle vermeerdering. So kan `n saadkorrel van `n bepaalde soort en geslag **ook slegs `n bepaalde aantal gelyke saadkorrels produseer**, welke aantal nie oorskry kan word nie. Ook by die diere is dit so - en wel: Hoe groter die dier, des te beperkter is die voortplanting! Ook by die mense is dit so, en nog baie meer by die hemelliggame. Maar in die geesteryk van die **voltooide mense** gaan, net soos by God, die gevoel en denke vir ewig voort. Omdat op die hierbo beskrewe wyse elke gedagte en elke idee deur die wil van die skeppende gees omhul kan word en uiteindelik heeltemal selfstandig kan word, is dit verstaanbaar dat die ewige vermeerdering van die wesens nooit kan ophou nie.

[9] Zinka, jy vra jouself nou af waar al die eindelose aantalle geskape wesens uiteindelik sal moet bly, as die skepping ewiglik op enorme, steeds groter skaal sal toeneem. O, vriend, bedink slegs dat die fisiese ruimte self oneindig is en al sou jy vir ewig, elke oomblik, sonder ophou, tienmaal honderdduisend sonne wou skep, dan sou dit, terwyl hulle hulleself baie vinnig voortbeweeg, in die oneindige ruimte tog eeu na eeu net so verdwyn asof daar nooit `n son geskape was nie! Niemand buiten God verstaan die oneindigheid van die ewige ruimte nie; selfs die hoogste en mees volmaakte engele verstaan nie eers die ewige diepte van die ruimte nie. Hulle huiwer selfs voor die té eindelose diepte van die ewige ruimte!

[10] O vriend, ek sien nou met die oë van my hart die totale materiële skepping! Hierdie aarde, haar maan, die groot son en die tallose sterre wat jy sien, en waarvan sommige vir jou oë lyk soos swak, wasige punte, maar wat elk `n onmeetlike groot son- en wêreldgebied vorm van miljarde maal miljarde sonne en nog meer planete, is, vergeleke met die totale aanwesige skepping, nog nie wat die kleinste en fynste sonstoffie is ten opsigte van hierdie hele sterrehemel wat vir jou sigbaar is nie! En tog kan ek jou sê dat daar onder die talle sterre wat jou oog bespeur, etlike is waarvan die deursnee nog talle duisende kere groter is as die lyn tussen die vêrste verwyderde ster wat vir jou nouliks sigbaar is, en die van hierdie ster se ewe ver verwyderde teenpool - `n afstand, waarvoor jy selfs met die snelheid van `n blits meer as `n miljard maal miljarde aardse jare nodig sou hê om dit te oorbrug!

[11] Hoewel sulke afsonderlike liggame dus raaiselagtig groot is, lyk hulle tog vir die oog soos skaars sigbare puntjies, omdat hulle te ver van hier verwyderd is! Maar tog is hulle, vergeleke met die totaliteit van die gesamentlike skeppingsheelal, soos reeds gesê, nie meer as die kleinste stoffie nie, wat moeiteloos deur die sonstrale gedra kan word! Ek sê vir jou: jy kan `n miljard sonne met al hulle planete en mane en komete skep en hulle almal inbring binne die sfeer (globe) van hierdie sonnegebied, dan sal dit binne die ruimte van hierdie een sfeer (globe) net so min merkbaar wees as één druppel water wat die see vergroot en die ruimte van haar uitgestrekte bedding beïnvloed; en miljarde maal miljarde sfere (globes) sou in die gehele gebied van die nou bestaande totaliteit van die skepping ewe min merkbaar wees as miljarde reëndruppels in die see.

[12] Kyk na die aarde! Hoeveel duisende spruite, riviere en strome mond daar ook nie in die see uit nie, tog word dit geen streep groter daardeur nie. Ook al bedink jy elke oomblik hoé baie skeppings, dit sal hulleself in die oneindige ruimte steeds op soortgelyke wyse verloor soos die miriades maal miriades waterdruppels wat elke oomblik in die see val en daarin verdwyn. Wees dus maar nie bang dat daar te veel geskape sou word nie, want in die oneindigheid is ewige ruimte en plek genoeg vir die oneindige, en God is magtig genoeg om alles vir ewig te bewaar en na `n uiteindelik hoofdoel te lei!"

***Die ontwikkelingsgang van die natuur***

**Hfs 57** (**Zorel**:) "Ek sal jou nou nog meer vertel, Zinka! Alles wat jy ooit vanaf jou jeug op hierdie aarde gedink, gesê en gedoen het, en ook dit wat jy in jou vooraardse sielebestaan gedink, gesê en gedoen het, is opgeskryf in die **Boek van die Lewe**; `n eksemplaar daarvan dra jy in die kop van jou siel, maar die vernaamste eksemplaar lê altyd oop en wyd oopgeslaan voor God. As jy volmaak sal wees soos wat ek nou volmaak voor God staan, sal jy al jou gedagtes, woorde en dade noukeurig terugvind. Dit wat goed was, sal jou natuurlik baie plesier verskaf, dit wat nie goed was nie, sal jou weliswaar geen genoeë gee nie, maar as volmaakte mens sal dit jou ook geen verdriet besorg nie. Want jy sal daarin die groot ontferming en wyse leiding van God sien, en dit sal jou sterk in die suiwer liefde tot God en in die betragting van baie geduld ten opsigte van al die arme, nog onvolmaakte broers wat God aan jou leiding sal toevertrou, hetsy in hierdie of ook in `n ander wêreld.

[2] Eendag sal daar uit jou opgeskrewe gedagtes ook nog nuwe skeppings ontstaan. Gewoonlik ontstaan uit sulke opgeskrewe gedagtes, woorde en dade eers groter of kleiner hemelliggame in die toekomende tyd. Hulle word in die vuur van die sonne gebring om daar tot `n bepaalde rypheid te kom; as hulle dit bereik het, dan word hulle met geweldige krag in die

skeppingsruimte ingeslinger en daar stadig maar seker steeds meer oorgelaat aan hulle eie ontwikkeling. Bietjie vir bietjie vorm hulle in so `n nuutgebore wêreld die talle duisendmaal duisende afsonderlike gedagtes en idees - soos sade wat in die aarde gesaai is - deur die daarin aanwesige van `n lewenskiem voorsiene vuur en lig, en dien dan die nuwe wêreld as basis vir die latere ontstaan van allerlei wesens, soos minerale, plante en diere, waarvan die siele hulle in die loop van tyd tot mensesiele ontwikkel.

[3] Sulke nuwe wêrelde sien jy so nou en dan as newelsterre, wat vir die grootste deel baie wasig is en ook wel as komete deur die heelal trek. Hulle oeroorsprong lê in die gedagtes, idees, woorde en dade wat in die **Boek van God** opgeskryf is.

[4] Daaruit sien jy dat ook die geringste gedagte wat `n mens ooit gehad het, hetsy op hierdie of ook op `n ander aarde, ewig onmoontlik ooit verlore gaan of kan gaan. Die geeste, waarvan die gedagtes, woorde en idees en dade deur God se wil so `n nuwe wêreld vorm, besef in hulle volmaakte toestand reeds gou dat dié wêreld `n gevolg is van hulle gedagtes, idees, woorde en dade, en hulle belas hulle dan baie graag en met `n groot gevoel van saligheid met die bestuur, leiding, vorming en die algehele lewendmaking en die doelmatige, inwendige organisasie van die hemelliggaam en uiteindelik ook van alle dinge en wesens wat op so `n hemelliggaam moet bestaan.

[5] Kyk nou eers na hierdie aarde, dan sien jy oënskynlik niks anders as materie wat dood daaruit sien nie. Weliswaar sien ek ook nou die doodlykende vorme van die materie, maar ek sien daarin nog baie meer wat jy nooit met jou oë sal kan sien nie. Ek sien daarin die verbanne geestelike dinge en wesens wat in die materie gebonde is en voel hulle strewe, en sien hoe hulle altyd verder voortskry met hulle innerlike ontwikkeling en die beter en gerigter vormgewing en ontplooiing van hulle doelmatige vorme, en ek sien ewe-eens tallose geeste en kleinere geeste wat onophoudelik in die weer is, soos die sand in `n Romeinse uurmeter. Van rus is daar geen sprake nie en uit hulle onophoudelike besigwees ontstaan die hele doelmatige ontwikkeling van alle lewe in die natuur.